Saterdag 25 April
Skrifgedeelte: Jesaja 8:23 – 9:6
Fokusgedeelte: Jesaja 9:1
Amper dagbreek!

Die Here se volk beleef 'n diep donker nag in haar bestaan. Hy het haar aan verdrukkers oorgegee omdat sy Hom vergeet het. In plaas van om na sy wil te vra, raadpleeg hulle die geeste van afgestorwenes. Maar wanneer die nag op sy donkerste is, is dagbreek naby: *"Die volk wat in duisternis wandel, het 'n groot lig gesien. Vir die wat in die donker land was het 'n lig geskyn"* (Jes. 9:1). So werk die Here se genade – onverdiend!

Lig is nie bloot die teenoorgestelde van duisternis nie, maar 'n aktiewe bestryder daarvan. Lig simboliseer lewe, 'n nuwe begin. Dink maar aan die begin van die skepping, Noag, Abraham, die volk se terugkeer uit ballingskap. Lig het in Jesaja 9 'n sterk messiaanse inhoud. Die koms van Jesus Christus word hier belowe. God het sy belofte gehou. Sewe eeue later lees ons die volgende in die Johannes-Evangelie: *"In Hom was daar lewe en dié lewe was die lig vir die mense. Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie … Die ware lig wat elke mens verlig was aan kom na die wêreld toe"* (Joh. 1:4, 5, 9).

Maar die prins van die duisternis gee nie so maklik sy ryksgebied prys nie. Hy doen alles in sy vermoë om mense met dwaalligte te mislei en gevange te hou. In 2 Korintiërs 4:4 verduidelik Paulus die situasie so: *"Hulle is die ongelowiges wie se verstand deur die god van hierdie wêreld verblind is sodat hulle die lig van die evangelie nie kan sien nie. Dit is die evangelie van die heerlikheid van Christus wat die beeld van God is."*

Maar dan is daar ook die begenadigdes: *"God wat gesê het "laat daar lig skyn uit die duisternis" het ook in ons harte 'n lig laat skyn om ons te verlig met die kennis van die heerlikheid van God, wat van Jesus Christus uitstraal"* (2 Kor. 4:6). Ware gelowiges herken nie net die ware Lig nie maar wandel ook daarin. *"Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig. Leef dan as mense van die lig"* (Ef. 5:8). Dit is mense wat in die lig leef wat merk dat die nag se donkerste uur inderwaarheid die laaste uur voor dagbreek is.

*Sing: Psalm 89-1:6, 7*
*Ds. SPJ (Salmon) Vermaak (Emeritus)*